DEUR DIE HOF: Wat bedoel u deur vertoon? Was dit deur studente in die lug gehou? -- In die lug gehou. So ook Bewysstuk Rally B.29. Dit lees "Revolution!! Machel will help. Away with Vorster. Ban! We are not afraid. (20) Black Power!!!!" Bewysstuk Rally B.30 was ook in die saal deur studente omhoog gehou. Dit lees "Viva Frelimo. To hell with Vorster. Long live Azania". Dan die tekening van 'n persoon met die byskrif "Samora Machel." Bewysstuk Rally B.31 is 'n wit lap waar met groot letters op geskryf is "Frelimo killed and won. S.A. Blacks?"

As u praat van 'n groot lap, verwys u na 'n banier? -- Ek verwys na 'n banier wat hulle gedra het.

MNR. REES: Is dit die banier nou hier voor die Hof? Die woorde "killed and won" is in rooi, né? -- Die res (30) is in swart, "killed and won" is in rooi.

Kan/...

Kan u net sê .. -- Die banier was deur die studente op die sportveld gedra nadat hulle die saal verlaat het. Bewysstuk Rally B.32 is die keersy van Bewysstuk Rally B.28, en lees "Viva Frelimo". Ek het om ongeveer 1,55 weer terug beweeg met die teerpad aan die suidekant van die saal verby op pad na die Mangkweng Polisiestasie. Daar was 'n groep studente, mans, wat besig was om oor die sportveld in die rigting van die saal te beweeg. Toe hulle my voertuig opmerk, het hulle omgedraai, nader gekom, hulle het woorde geuiter, hard geuiter, ek kon nie uitmaak wat hulle (10) sê nie en in die rigting van die voertuig beweeg. Ek het die bestuurder opdrag gegee om te ry, want hy het op daardie stadium stilgehou.

Was die drywer 'n Blanke of..? -- Hy was 'n Blanke gewees.

Wat was die rede dat u hom gesê het om te ry? -- Die groep studente was baie vyandiggesind en ek was bang dat daar moeilikheid kan kom indien ek daar bly vertoef.

Het u ooit voorheen op die kampus enige so 'n vertoning teëgekome? -- Ek het nog nooit daardie houding van (20) studente op die kampus teëgekome nie.

Gaan maar aan. -- Ek kon van die pad af sien dat daar baie studente in die saal is. Ek het na die Mangkweng Polisiestasie gegaan en aan majoor Erasmus 'n rapport gemaak. Majoor Erasmus het die persone onder sy toesig byeen geroep en hulle toegesprek. Ons het almal saam vertrek na die kampus. Ongeveer 2,20 namiddag by die saal aangekom, waar die studente vergader het. Toe ons by die saal arriveer, het die studente luidrugtig geraak. 'n Vroue student was besig om 'n toespraak af te lees (30) van 'n dokument af. Dit het vir my voorgekom asof dit 'n getikte/...

getikte geskrif is. Sy moes by tye stilbly as gevolg van die lawaai. Na 'n ruk het hulle stilgebly en sy het voort gegaan met haar toespraak. Daar was tydens haar toespraak uitroepe soos "Viva Frelimo", "Power", "Freedom" en die Swartmag teken, dit is die vuis in die lug gegee.

Het u enigiets van daardie toespraak gehoor? -- Dit was baie moeilik om te hoor. Ek kan enkele woorde onthou wat uitgestaan het.

Wat was dit? -- 'n Woord soos "revolution", dan was die woord "warfare" gebruik en dan was daar ook 'n (10) sinsnede "a war of neighbours". Om ongeveer 2,25 namiddag het majoor Erasmus die studente probeer toespreek deur middel van 'n luidspreker. Hy het by die deur van die saal gestaan. Die studente het hom probeer dood skree. Vir my het dit voorgekom asof die lawaai wat uit die saal uitkom, die klank van die luidspreker belemmer. Majoor Erasmus het hulle in elk geval eers in Engels en toe in Afrikaans ingelig dat dit 'n vergadering is wat verbied is deur die Minister van Justisie ingevolge Wet 17 van 1956 en dat hy hulle 15 minute gee om uiteen te gaan. Een van (20) die - terwyl hy probeer het om die studente toe te spreek, het een van die studente vir die ander studente geskree hulle moet stilbly en die persoon 'n kans gee om te praat, "miskien bring hy ons vryheid." Na ongeveer 5 minute het die studente uit die saal beweeg op die sokkerveld op. Op die sokkerveld het hulle op en af gemarsjeer, gesing, slagspreuke geskree en plakate vertoon.

Kan u net vir 'n oomblikkie terugkeer na 'n paar van die foto's. Sal u kyk na Bewysstukke Rally 34. -- Bewysstuk Rally B.34 was geneem van die deur van die (30) saal waar majoor Erasmus gestaan het, so ook Bewysstuk Rally

B.35/...

B.35. Bewysstuk Rally B.36 is deur die venster - nee, ekskuus, hy is ook deur die deur geneem van die saal. Bewysstuk Rally B.37 is ook van die studente in die saal geneem. Bewysstuk Rally B.38 is van die studente op die veld geneem, so ook Bewysstuk Rally B.39. Bewysstuk Rally B.40 toon aan waar die studente besig is om in die rigting van hulle koshuise te stap, die mans studente. Bewysstuk Rally B.41 wys die studente op die suidelike wal van die sokkerveld.

Miskien is dit beter as u nou aangaan met u (10) getuienis. -- 'n Konstabel wat met 'n hond op die veld op beweeg, een wat op die kant van die veld staan. Die studente het in die rigting van hulle koshuise beweeg, soos op die foto voorkom en toe hulle die teerpad bereik het hulle omgedraai en teruggekom na die wal toe. Sommige van die studente het op die wal gaan sit en andere het gestaan, party op die wal, party op die teerpad. Hulle het weer gesing, slagspreuke geskree, geuiter. Majoor Erasmus het kort-kort die gedeelte van die 15 minute wat nog oorgebly het, aan hulle herhaal. Ek kan onthou dat hy gesê (20) het "you have got 2 minutes left." Kort daarna het ek 'n bottel opgemerk wat deur die lug trek oor die studente wat voor op die wal was en naby die polisiemanne op die gronde val. Onmiddellik daarna het daar ook klippe oor die studente op die voorgrond gekom wat in die rigting van die polisie gegooi is. Majoor Erasmus het toe die bevel gegee "jaag hulle uit mekaar uit." Heel eerste is daar 'n traanrookpatroon afgevuur. Die studente het onmiddellik begin hardloop in alle rigtings, meeste van hulle in die rigting van die koshuise. Die polisie was op daardie stadium (30) nie behoorlik opgevorm om 'n knuppel stormloop uit te voer nie/...

nie en die hele episode het ongeveer na 30 sekondes geduur. Die Nie-Blanke lede wat daar was, het op die kant van die veld gestaan en het nie deelgeneem aan die optrede nie. Die studente het tussen die koshuise in gehardloop en toe in groepe begin terugkom en met klippe na die polisie begin gooi. Daar is weer traanrookpatrone afgeskiet. Ek het gesien dat 'n student oor die veld hardloop. Twee polisie-manne het hom gevang. Toe hulle hom vang het hy geval. Hulle het hom na die opruktrok geneem. Kort daarna het ek ook gesien dat 'n ander student na die opruktrok (10) geneem word. Sy broek was by sy kuit langs geskeur en daar was bloed aan sy broek. Hy was ook in die opruktrok geplaas. Ek was nie op daardie stadium by die opruktrok nie, maar ek het daarheen gegaan en ek het vir een van die speurder-sersante wat daar was, gesê hy moet hom uithaal en met sy voertuig onmiddellik neem vir mediese behandeling. In die tussentyd is daar met klippe na die polisie gegooi. Daar was geen verdere groeps-optrede deur die polisie nie. Die rektor en van die Nie-Blanke lektore het daar op die toneel aangekom en daar was samesprekings tussen die (20) studente, die rektor en majoor Erasmus. Ek het gehoor dat hulle sê ons moet die twee studente wat nog in die opruktrok is, loslaat. Die twee studente is losgelaat nadat hulle name geneem is. Ek het ook gehoor dat die studente sê ons moet die kampus verlaat. Een het geskree "your 15 minutes is up." Majoor Erasmus het 'n rapport aan my gemaak. Ons het die polisie bymekaar geroep en die kampus verlaat. Dit was omstreeks 3,15 - tussen 3,15 en 3,30 gewees. Ons is na die Mangkweng Polisiestasie. Ongeveer 4,45 het ons as gevolg van 'n rapport teruggekeer na (30) die kampus. Toe ek met my voertuig by die hek inkom, het ek

'n/...

'n groep studente sien hardloop in die rigting van die koshuise. Ek het ook daar op die kampus voertuie gesien. Die twee voertuie wat ek op daardie betrokke dag gesien het, is Bewysstuk Rally B.47, dit is 'n Mercedes Benz voertuig. Daar was duike in die voertuig. Die windskerm was gekraak en so ook die truspieël. Bewysstuk Rally B.49 is 'n Peugeot motorkar. Bewysstuk Rally B.48 is ook van dieselfde voertuig as wat op Rally B.47 verskyn.

En toon dit die gebreekte truspieël? -- Die gebreekte truspieël en as 'n mens deur kyk op die linkerkant (10) van die windskerm kan 'n mens 'n bars sien. Bewysstuk Rally B.49 is 'n Peugeot motor. Daar is ook duike in en die windskerm was gekraak. Ons het die kampus patrolleer tot laat die aand. Die studente het nie weer bymekaar gekom nie, behalwe vir 'n film vertoning in die saal die aand. Daar was geen verdere voorvalle nie. Ons het die kampus patrolleer vir die volgende 3 dae. Daar was geen insidente gewees nie.

Het u enige van die beskuldigdes daar gesien? -- Ek kan beskuldigde 6 en 7 onthou. Ek het hulle slegs by (20) die - beskuldigde 6 slegs by die samesprekings opgemerk terwyl die rektor daar was. Beskuldigde 7 was ook daar teenwoordig, maar toe die studente vergader het na die eerste stormloop, het ek gesien dat beskuldigde No. 6 met 'n drom .. (tussenbei)

No. 6? -- Ekskuus, No. 7 met 'n trom, van hierdie wat met die beesvel oorgetrek is, sit en daarop speel.

Goed, gaan maar aan. -- Die oggend van die 27ste, om 4 voormiddag, het ek na beskuldigde No. 6 se kamer gegaan. Ek het 'n lasbrief tot deursoeking vir sy kamer gehad. (30) Ek was ook deur die terrein opsigter in besit gestel van 'n duplikaat/...



duplikaat sleutel vir sy kamer. Ek het aan die deur geklop en beskuldigde No. 6 meegedeel wie ek is en wat die doel van my besoek is en hom versoek om die deur oop te maak. Ek kon hoor dat daar beweging en 'n gefluister in die vertrek was, maar die deur is nie oopgemaak nie. Ek het my versoek deur middel van 'n Venda tolk laat herhaal. Daar was geen reaksie gewees nie.

Watter taal, sover u bewus is, praat beskuldigde No. 6?  
-- Sover ek bewus is, praat beskuldigde No. 6 in Venda.

Praat hy ook Engels en Afrikaans of weet u nie? (10)  
-- Ek weet dat hy ook Engels besig.

Gaan maar aan. -- Ek moes die voorste gedeelte van die bedekking van die slot afskroef, die sleutel wat in die deur was het ek dwars gedraai en uitgestoot en toe die duplikaat sleutel gebruik om die deur oop te sluit. Beskuldigde en 'n student Jimmy Matsapola was in die kamer gewees.

Is dit enkel kwartiere of dubbel kwartiere? -- Dit is enkel kwartiere waar beskuldigde 6 in geslaap het.

Goed, gaan maar aan. -- Ek het weer die doel van (20) my besoek aan beskuldigde No. 6 verduidelik en sy kamer deursoek.

En het u daar beslag gelê op 'n aantal dokumente? -- Ek het beslag gelê op 'n hele aantal dokumente daar. Ek het 'n kwitansie uitgeskryf vir die dokumente en die origineel van die kwitansie het ek aan beskuldigde 6 oorhandig.

Edele, kan ek net vir die getuie 'n aantal dokumente gee, dan kan hy daar deurkyk. Gee vir die getuie asseblief Bewysstukke .D.1, E.1, BPC.J.2, SASO N.3, SASO M.1, (30) Rally B.1, Rally B.1A, Rally B.2, Rally B.3, Rally B.4 en Rally/...

Rally B.5. Het u reeds D.1 daar? -- Ek het Bewysstuk Rally D.1 voor my.

Goed, gaan maar aan. -- Hierdie dokument het ek in 'n lêer op die lessenaar of tafel van beskuldigde No. 6 aangetref. Die opskrif daarvan is "B.P.C. LOCAL MEETING HELD AT TURFLOOP"

En op bladsy 200 gee dit 'n lys van die ampsdraers? -- Daar is 'n ander dokument by, nie in dieselfde handskrif nie, wat bo-aan genommer is 26 in 'n kring. As die bladsy omgedraai word, staan daar geskryf "Chairman", ek (10) kan nie mooi uitmaak wat die name alles is nie, dit lyk vir my soos "Tshishonga".

Ja, ek stel net belang in No. 4. "Correspondence Secretary." -- No. 4, "Correspondence Secretary" is "Nofolovhodwe".

Wat gee hierdie dokumente voor te wees? Wat is dit? -- Hierdie dokument gee voor te wees die notule van 'n vergadering van BPC gehou te Turfloop.

Gaan maar aan. Sal u handel met die res van die dokumente? -- 'n Dokument getitel "Tribute to the (20) late Mthuli Ka Shezi, Vice-President of the Black People's Convention." Dit is Bewysstuk BPC.J.2.

Vertel net vir die Hof van hom. -- Ek het die bewysstuk in beskuldigde No. 6 se kamer gekry in dieselfde lêer waar die vorige bewysstuk, D.1, was.

En wat is die opskrif van die dokument? -- "A tribute to the late Mthuli Ka Shezi, Vice-President of the Black People's Convention."

DEUR DIE HOF: Het ek daardie dokument?

MNR. REES: Edele, hy is lankal in. Die getuie (30) Singh meen ek het hom ingehandig. Gaan maar aan. Kyk na

E.1/...

E.l. -- Ek dink ek moet eers met die ander dokumente handel.

Goed, sorteer hulle in die volgorde waarin u hulle graag wil behandel en handel dan daarmee een vir een. -- Ek het ook daarso in die lêers op beskuldigde 6 se tafel 'n verslag gekry op 'n briefhoof van die Students Representative Council.

Bewysstuk? -- Dit is Bewysstuk Rally B.1. Die opskrif van die dokument lees "UNIVERSITY OF THE NORTH SASO REPORT".

Die dokument se opskrif is "Students' Represen- (10)  
tative Council" "Verteenwoordigende Studenteraad, Univer-  
siteit van die Noorde, SOVENGA." "UNIVERSITY OF THE NORTH  
SASO REPORT." -- Dit is korrek.

Ek wil hê u moet 'n paar gedeeltes vir die Hof voorlees.  
-- Ek lees maar van die eerste paragraaf af.

Asseblief. -- (Getuie lees)

"GROWTH: The establishment and growth of this  
branch was rather fast, but the activities of  
this branch were not satisfactory up to the  
beginning of May. This was before the student (20)  
body took a decision to the direction of  
establishing a SASO branch on campus. Before  
the decision was taken the executive committee  
of SASO branch off campus decided to infiltrate  
the then S.R.C. and dipose it. This was done  
and three of the Executive committee of SASO  
Local Committee were elected as Executive  
members of the new S.R.C.

From this point a meeting was arranged  
with the students and the question of bringing (30)  
SASO on campus was discussed. The S.R.C. was  
mandated/...

mandated to see the Rector, this was done, and the Rector promised the result after a meeting of the Council which was to be held in Pretoria. This meeting was held and the results are as follows:"

Dan gaan daar - dit is nie nodig om die Hof se tyd te mors met alles wat geskryf is nie. Dan is daar paragrawe 1, 2, 3, 4 en net onderkant begin "In view of the above decision", sal u daarvandaan lees. -- Getuie lees:

"In view of the above decision an Extra- (10)  
ordinary mass meeting was held on the 25th June, 1974 where the following resolution was adopted by the student body.

"That this student body noting a contravention of its Constitution by the decision of the University Council apparent on the letter from the Rector dated 24th June, 1974, and that the clause in the S.R.C. Constitution is not repealed thereby resolves:

1. To establish and recognise the SASO (20)

Local Committee like all the organisations, clubs, societies, etc. on the campus as stipulated by section 14(5)(f) and thus the said local committee shall invariably receive financial aid;

2. To inform the powers that be to compare Clause 4 of their letter with Section 2(a)(iv) and Section 21(1) and (2) of the S.R.C. Constitution.

3. To inform the powers that be that the (30)  
Student Body regards SASO as part and parcel/....

parcel of its daily strife for the maintenance of human rights.

4. To strongly congratulate the S.R.C. for the achievement; and
5. To strongly condemn the University Council for this delay.

From now onwards it must be known that the SASO off campus branch has moved to campus."

Goed, u handig die dokument in. -- Reg. (10)

Het u met die beskuldigde gepraat oor hierdie dokument?

MR ALLAWAY: Before the witness deals with that, we have been kindly given Rally B.1 but I see what we have been given ends on the second page, numbered 47 with the word "them". -- Dit is soos ek dit gevind het. Daar was geen ander bladsye nie.

MNR. REES: Gaan maar aan. -- Ek het ook 'n dokument gevind wat ek bo-aan genommer het 16 in 'n kring, met die opskrif: "Report of the President Represented at the 6th G.S.C." Dit is Bewysstuk SASO N.3. (20)

Ek wil hê u moet net 'n paar aspekte daarvan die Hof se aandag op vestig. Die bladsy wat genommer is 209. Dit sal wees die "NATAL REGIONAL REPORT". -- Hierdie dokument bestaan uit verskeie verslae uit. Die eerste gedeelte gaan tot by bladsy 4, dan begin die "Natal Regional Report", wat gaan tot by bladsy 4 ook.

Vestig net die Hof se aandag op die tweede paragraaf daar, dit is aan die einde van die bladsy - "Not long after the 5th G.S.C." -- Getuie lees: (30)

"Not long after the 5th G.S.C. the forces of imperialism struck/...

imperialism struck again. This time they brutally murdered our beloved brother and dedicated fighter, Onkgopotse Ramothibi Tiro."

DEUR DIE HOF: Watter bladsy is dit nou? -- Dit is op bladsy - die eerste bladsy van die "Natal Regional Report".

MNR. REES: Edele, dit is 209 van die wat genommer is. Gaan maar aan. -- Getuie vervolg:

"This timid act of naked terrorism (10)  
inflicted a gaping wound on our ranks and yet earned SASO world wide reputation and re-doubled support both internally and internationally. To those who did it we say Tiro is not dead but his revolutionary spirit is with us and is beckoning us to greater things. When we say we live in a violent society we are not speaking of something that is still a figment of imagination but that which has already (20)  
claimed several times in the Black struggle. During the past few years we have witnessed incidents of untold human sacrifice and for God's sake we dont want to see similar bloodbaths in our beloved part of the country. All the same the zero hour is getting nearer and today determines the future. After this bone-chilling incident we however, settled and continued our work." (30)

Ja, dit is voldoende daardie. Kyk dan na bladsy

214. Dit is die "Report of the Permanent Organiser".

DIE HOF VERDAAG VIR ETE.      DIE HOF HERVAT.

SAREL JOHANNES STRYDOM: nog onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. REES: Ons was besig gewees met SASO N.3. -- Dit is korrek.

Sal u die Hof verwys na die "Report of the Permanent Organiser, dit is wel op bladsy .. -- Dit is op die vyfde vel van die dokumente voor u, Edele. Nie die vyfde bladsy nie, die 5de vel.

Dit begin op bladsy 213, ek verwys dan na bladsy (10) 214, onder waar staan: "Campus: University of the North." Sal u dit net aan die Hof voorlees. -- Getuie lees:

"As indicated earlier on reconstruction was a major responsibility for this year. My visit to the North was geared towards the revival of our local committee there; G.S.C. having mandated my office to work towards this.

On my arrival there the atmosphere was slightly tense mainly because of the dis- (20)  
satisfaction of students in the then S.R.C.  
In my company was, notably, the Transvaal Regional Director. We immediately made arrangements for a meeting with students off-campus. Publicity to the meeting was hampered by arguments between us and the S.R.C. there, but with the help of some students we managed to go ahead. Our gratitudes to Black brothers, J. Nef., J. Matsapola, E. Manpane and the rest (30)  
without their assistance we might not have/...

have gone as far as we did.

The meeting, held at the local Catholic chapel, started at three o'clock and out of it was born the SASO Local Committee headed by the following:

Chairman : J. Nef.  
Vice-Chairman : J. Matsapola.  
Treasurer : E. Mampane  
Secretary : C. Mohlakoana (Miss)  
Organiser : R. Mathiba (10)

These energetic Black students immediately began to devise strategies of uniting students on that campus. They have covered a lot of ground as I believe their report will indicate. Under their leadership, I believe, we shall retain the North as one of our strongholds. They are presently working towards the upliftment of the suspension of SASO's activities on that campus. This office wishes the best of luck." (20)

Die volgende dokument, SASO M.1, is dit ook een wat u in besit van beskuldigde No. 6 gevind het? -- SASO M.1 is 'n dokument wat ek in die kamer van beskuldigde No. 6 gevind het. Ek het hom bo-aan gemerk met die nommer 12 in 'n kringetjie. Die opskrif van die voorblad lees: "Reports presented at the Federal Theological Seminary Alice".

Is dit 'n dokument wat op die gesig daarvan blyk deur die SASO South African Students' Organisation uitgegee te wees? -- Dit is korrek. Hulle adres in Durban verskyn (30) ook bo-aan.

Ek/...



Ek wil hê u moet die Hof verwys weer na die "Report of Permanent Organiser", dit begin op bladsy 16 van die genommerde dokumente en dan wel op bladsy 2 van daardie verslag, dit is bladsy 17, onder die opskrif: "University of the North". -- Getuie lees:

"On the strength of resolution 11/74 I visited the North during my stay in the Transvaal region. Still groggy and apparently recuperating from the effects of the critical 1972 I found the North quite mild. There was undoubtedly deep concernedness about the future of SASO on this campus. The feeling as assessed was that by virtue of not communicating with this campus the national student-body had dismissed it as a has-been. It was in the face of this that the visit by a member from Head Office sparked a lot of interest. If communication is important in the execution of our duty and in particular, publications it was here that this stark reality came to the fore. Very little indeed was known about us and our activities taking into account the amount interest this campus displays. I would love to advise that we give special attention to our Publications-Department with a view to spreading our opinion to the furthest man from our office. In a meeting held off-campus in the local Catholic Church - after more than eighteen months of inactivity, the reconstitution of the SASO Local Committee was effected.

Headed/...

Headed by J. Nefolovhodwe, it was a breath-taking events. In three days time it had affected student opinion sufficiently to oust the then student-leadership and set this campus once more on the road towards independant black thought. This took place the Tuesday following the Saturday of the re-constitution of the local committee. Jerry Nefolovhodwe has since become president of the SRC and is working very hard towards the upliftment of the suspension of our activities on their campus. This office wishes him all the best in his efforts towards the realisation of our ideals. With this capable leadership and the support it has from the student-body, we should be able to retain the North as our strong-hold." (10)

U handig die dokument in as Bewysstuk SASO M.l. --  
Dit is korrek.

Is dit al die dokumente waarna ons verwys het, (20)  
wat u in besit gevind het van beskuldigde No. 6? -- Dit is korrek.

Sal u net kyk na die dokument Rally B.l. -- Dit is korrek. Ek het hom reeds ingehandig.

Het u daardie dokument aan beskuldigde 6 getoon of was daar enige gesprek? -- Ek het die dokument aan beskuldigde 6 voorgelees tydens sy aanhouding.

Ja? -- Sy reaksie was: "Is that what that document is saying?"

Goed. -- Op 11 Oktober 1974 was ek vergesel van (30)  
luitenant-kolonel Muller, wie beskuldigde No. 7 te Penz gearresteer/...

gearresteer het ingevolge Artikel 6(1) van die Wet op Terrorisme. Ek het daardie selfde oggend beskuldigde No.7 vergesel na sy kamer by die Universiteit van die Noorde. Daar het ek 'n SASO lidmaatskapkaart in die naam van G.K. Sedibe, University of the North, P.O. Box 30, Pilgrims Rest gekry, Bewysstuk E.1.

Later het u, vergesel van Jonas Ledwaba .. -- Dit was op 22 Januarie 1975, het ek, vergesel van Jonas Ledwaba, na die Studenteraad se kantore te Turfloop, Universiteit van die Noorde gegaan. Hy het daar sekere dokumente (10) uit die lêers van die Studenteraad verwyder en aan my oorhandig. Die eerste een, Bewysstuk Rally B.1.A, is op 'n briefhoof van die "Verteenwoordigende Studenteraad, Universiteit van die Noorde. Al wat van belang is in die dokument is onder paragraaf (13), wat lees:

"It was decided that the SRC meeting be held on 21.9.1974 at 9 p.m.

Agenda; (1) SRC policy

(2) Mozambique Rally.

(3) General." (20)

Die volgende dokument is Bewysstuk Rally B.2. Dit is ook op briefhoof papier van die Studenteraad, Universiteit van die Noorde, Sovenga. Dit bestaan uit 'n agenda van "AN EXTRA-ORDINARY EXECUTIVE COMMITTEE MEETING." Asook "The minutes of the extra-ordinary meeting held on 22.9.1974." Die dokumente was fotostatiese afdrukke wat aan my oorhandig was van hierdie betrokke dokument.

Die agenda lees:

"Time: 6.00 p.m.

AGENDA.

1. Call to order.

2./...

(30)

2. Frelimo Victory Rally.
3. Closure."

Dit is geteken deur J. Ledwaba, "Correspondence Secretary".

Die agenda van die vergadering lees:

- "(1) The meeting was opened at 6.15 p.m. by the President.
- (2) The **Executive** Council passed the Resolution on the Mozambique Rally. The Rally should be held on 25.9.1974.
- (3) The following tentative programme was agreed on. (10)  
PROGRAMME: 1. Wednesday 2.00 p.m. Opening.  
2. SRC President on the historical background of Frelimo.  
3. SASO National President.  
4. SASO Local committee President.
- (4) It was further agreed that the invitation should be extend BASA, and invite its chairman to deliver a speech on Mozambique Rally. (20)
- (5) Further to extend the invitation to members of the student body.
- (6) The meeting was closed at 6.45.  
PRESENT: Messrs. Ledwaba, Sedibe, Phaladi, Ratlhagane, MR. Mangwathe send in an apology.

Minute-Secretary ....." (30)

and the signature. Ook 'n dokument op 'n briefhoof van die/...

die Studente Verteenwoordigende Raad, Universiteit van die Noorde, Sovenga, dated 22.9.1974 and addressed to -

"The Chairman,

B.A.S.A.

Univ.,

SOVENGA."

Dit is Bewysstuk Rally B.3. -- Dit is Bewysstuk Rally B.3.

Gaan maar aan. -- Die dokument lees -

"Sir,

(10)

FREEDOM: MOZAMBIQUE CELEBRATION.

The SRC invites all members of your Association (BASA) to a rally to be held on Wednesday (25th Sept., 74.) to celebrate the VICTORY!!! of our Black brothers in Zambezia (Mozambique) against colonialism. You are no doubt aware of the necessity of this celebration.

You are however also requested to prepare a paper so as to deliver it on the very day. (if possible)

(20)

The rally starts at 2.00 pm.

Further information will be communicated to you in due course.

POWER and SOLIDARITY!!!!

(Sgd.) J. Ledwaba

Ledwaba J.L. Corr. Sec."

Die volgende dokument, Bewysstuk Rally B.4, is op 'n briefhoof geskryf van die Universiteit van die Noorde, Sovenga. Bo-aan onderstreep -

(30)

"BLACK ACADEMIC STAFF ASSOCIATION"

Dated/...

Dated 25th September, 1974, addressed to:

"The President,  
Students' Representative Council,  
P.O. SOVENGA.

Dear Sir,

re: pro-FRELIMO CELEBRATION.

Your letter dated 22/9/1974 refers.

The decision of the Black Academic  
Staff Association is as follows:

- a) That the banning order imposed on (10)  
the rallies which were to be orga-  
nised by SASO and BPC is in substance  
applicable to the rally (or celebra-  
tion) that your S.R.C. envisages;
- b) That in the light of our interpreta-  
tion of the serious legal implications  
of such a celebration, in the circum-  
stances, the Association does not wish  
to be involved;
- c) But the Association wishes to express (20)  
its sympathy with the stand that you  
have taken.

Hoping that this difference in interpre-  
tation will be appreciated in the spirit of  
goodwill and tolerance,

I remain,

Yours sincerely,

(Sgd.) G.M. Nkondo

G.M. Nkondo (Chairman)."

Die volgende dokument, Bewysstuk Rally B.5, is weer (30)  
op 'n briefhoof van die Verteenwoordigende Studenteraad,  
Universiteit/...

Dated 25th September, 1974, addressed to:

"The President,  
Students' Representative Council,  
P.O. SOVENGA.

Dear Sir,

re: pro-FRELIMO CELEBRATION.

Your letter dated 22/9/1974 refers.

The decision of the Black Academic  
Staff Association is as follows:

- a) That the banning order imposed on (10)  
the rallies which were to be orga-  
nised by SASO and BPC is in substance  
applicable to the rally (or celebra-  
tion) that your S.R.C. envisages;
- b) That in the light of our interpreta-  
tion of the serious legal implications  
of such a celebration, in the circum-  
stances, the Association does not wish  
to be involved;
- c) But the Association wishes to express (20)  
its sympathy with the stand that you  
have taken.

Hoping that this difference in interpre-  
tation will be appreciated in the spirit of  
goodwill and tolerance,

I remain,

Yours sincerely,

(Sgd.) G.M. Nkondo

G.M. Nkondo (Chairman)."

Die volgende dokument, Bewysstuk Rally B.5, is weer (30)  
op 'n briefhoof van die Verteenwoordigende Studenteraad,  
Universiteit/...

Universiteit van die Noorde, Sovenga. Gedateer 27 September 1974, geadresseer aan:

"The chairman,

BASA,

P.O. Sovenga,

Dear Sir,

This letter refers to the copy of the letter directed to the Rector in connection with the pro-Frelimo SRC rally. This SRC wishes to communicate its highest appreciation of the unqualified support shown in the letter by your association. (10)

The views expressed by your association are in common with those contained the student-body resolution EML/74-75 a copy of which is contained herein.

WE the SRC duly thank you for the communication and hope it shall continue for the betterment of this our university.

POWER AND SOLIDARITY. (20)

President .....

Dit handel daardie reeks af, is dit reg? -- Dit is reg. Sal u dan kyk na 'n paar van die kiekies. Begin by ... -- Die afgelope Saterdag, om die toneel beter uit te bring, het een van die polisie fotografe my vergesel na die Universiteit van die Noorde. Daar het ons 'n paar foto's geneem. Die Bewysstuk Rally B.54 toon 'n gedeelte van die saal waar die rally plaasgevind het, 'n gedeelte van die sokkerveld, met die opgeboude bank aan die suidkant van die sokkerveld en die gedeelte van die mans koshuise op die linkerkant van die foto. Dan het ek ook ander foto's laat/...

(30)



laat neem. Bewysstuk Rally B.55 is op die teer interseksie geneem onmiddellik in die linker onderste hoek van Bewysstuk Rally B.54.

Wat is daardie voorwerpe wat orals oor die terrein rondlê? -- Dit is los klippe.

Gaan maar aan.--Bewysstuk Rally B.56 is geneem, as u na die bus kyk, na die saal se kant toe van die bus, gaan daar 'n paadjie af en dit kom voor asof daar so 'n kaal kolletjie op die hoek is, dit wil sê aan die oostekant. Noord-wes lê aan die bokant van die foto, oos aan (10) die onderkant, suid aan die linkerkant en noord aan die regterkant. Dit wil sê aan die oostekant van daardie pad op die hoek is 'n foto geneem. Jy kan die skaduwee van die stopteken in die foto sien. Net om die struktuur van die grond op die walle aan te dui.

En daardie voorwerpe wat is dit? -- Die een is 'n kartondosie, dan is daar ook los klippe wat daar lê. Bew. Rally B.57 is 'n foto van die suidelike bank van die sokkerveld. U kan daar ook verskeie klippe op die grasperk, sowel as op die sitplekke opmerk. Bewysstuk Rally B.55 (20) is van die wal af na die sokkerveld geneem. Daardie klippe daar kom voor onmiddellik voor die pawiljoen op die sokkerveld.

Praat u nou van 55 of 58? -- 58. Bewysstuk Rally B.59 is ook aan die voet van die pawiljoen op die sokkerveld. Bewysstuk Rally B.60, as u kyk wes van die boompie - van die groterige boom op die pawiljoen op Bewysstuk Rally B.54 staan daar so 'n klein boompie reg in lyn met 'n gebou aan die agterkant. Bewysstuk Rally B.60 is by die boompie geneem. (30)

DEUR DIE HOF: Sal u net wys op B.54 waar dit is? -- (Getuie dui/...

dui aan) Daar, daar kan mens die boompie net effens sien, hy is baie skraal.

Sal u net 'n merk daar maak. Die boompie is sonder blare, lyk dit my. -- Dit is korrek. Bewysstuk Rally B.51 is 'n foto geneem van die sloot links van die bus wat daar staan in die pad op Bewysstuk Rally B.54 en wel aan die voorkant van die bus.

MNR. REES: Wat is die los voorwerpe daar? -- Die los voorwerpe wat daar lê is klippe. Bewysstuk Rally B.52 is van die teerpad af geneem en dit is die grond- (10) struktuur van die wal wat daar uitgebeeld word. U kan sien daar is enkele los klippe, maar daar is ook vaste klippe wat in die grond struktuur voorkom.

Hierdie tonele soos in die kiekies voorkom, hoe vergelyk dit met die toneel soos u dit gevind het op die dag van 25 September 1974? -- Dit sal min of meer dieselfde wees, sowel wat die groei van die gras aanbetref as die blare aan die bome, aangesien dit ongeveer dieselfde tyd van die jaar geneem is.

Wat van die teenwoordigheid van klippe en die (20) klas van ding? -- Ek sal sê die posisie was dieselfde gewees.

Het u op 29 Januarie 1975 'n monster geneem van die handskrif van beskuldigde No. 6? -- Dit is reg.

En handig u dit in as Bewysstuk L. Het hy daardie dokument in u teenwoordigheid geskryf? -- Die bewysstuk is anders gemerk, Bewysstuk K.6 sien ek is dit hier gemerk.

Merk hom asseblief Bewysstuk L. Daar was 'n onderbreking, ek sal derhalwe net die vraag weer stel. Is hierdie dokument deur beskuldigde 6 in u teenwoordigheid geskryf? -- Hierdie dokument is deur beskuldigde No. 6 in my (30) teenwoordigheid uitgeskryf.

Die/...

Die inhoud is nikssegant nie, dit gaan net oor die -  
dit is 'n monster van sy handskrif en dit is vir handskrif  
soeleindes verkry. Is dit al? -- Dit is al dokumente.

MR ALLAWAY ASKS FOR AN ADJOURNMENT.

MR ALLAWAY: Before we do adjourn, the witness referred to  
a receipt which he had given the original of to accused  
No. 6. I do not think the receipt has been produced as an  
exhibit. It will assist with regard to instructions if  
that document could be produced as an exhibit.

MR REES: M'Lord, I do not think it is necessary to (10)  
produce it as an exhibit... (intervenes)

MR ALLAWAY: If it may be made available to me, if it is  
necessary to produce it as an exhibit, we shall produce it  
through the witness.

THE COURT ADJOURNS.

-----  
(20)

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***

*Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand*

*Location:- Johannesburg*

**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:- AD1719-Vol17*

*Document Title:- Volume 17, Pages 1331 - 1378.*